

**Woensdag 27 Februarie**

**Skrifgedeelte: Numeri 35:22-28**

**Fokusgedeelte: Numeri 35:28**

### **Skulping by die Allerhoogste**

Vir ons as sondige mense is die totale regverdigheid van die Here soms ongemaklik. Want sondige mense begaan foute, en die feit dat 'n opsetlike sonde gestraf word, is net logies. So sien ons vroeër in Numeri 35 dat 'n moordenaar vir seker moet sterf. Maar wat gebeur as die verlies aan lewe 'n ongeluk is?

Dit is juis hier waar ons die genade van die asielstad aantref. Soos wat die Here stede eenkant hou vir die versorging van die Leviete, word ses stede eenkant gehou vir die mense wat per ongeluk iemand laat sterf het. Hierdie asielstede se hoofdoel was genadetyd. Die persoon wat per ongeluk iemand laat sterf het, kon genadetyd tot sy verhoor (vs 25) in die asielstad ontvang. Hy kon ook ná sy verhoor genadetyd ontvang totdat hy gered word (vs 28), want in hierdie stede kon die asielsoeker skulping vind teen die wraak van die bloedverwant. Wanneer die hoëpriester sterf, is die offer vir die sonde volbring en kon die asielsoeker terugkeer, volgens vers 28.

Die volmaakte Hoëpriester sou natuurlik jare later sterf as offer vir ons sonde. Jesus Christus antwoord die misdadiger aan die kruis langs Hom: "Vandag sal jy saam met My in die paradys wees."

Ons is vandag ook niks anders as misdadigers nie. Ons verdien ook die ewige dood as straf op ons misdade. Maar die volmaakte Hoëpriester, ons Here Jesus Christus, het gesterf en daarom leef ons vandag ook in genadetyd. Ons lewe in die skulping van die Allerhoogste, maar ons gaan ook eendag uit hierdie genadetyd oorbeweeg na 'n ewige lewe saam met die Here.

*Sing: Psalm 91-1:1, 2*

*Ds. FR Pretorius (Franscois) (Phalaborwa)*